Sewendaagse Adventiste

Vrae oor hulle leer

Saamgestel deur Dr Hennie van Wyk

Die Sewendedag Adventiste weier om 'n kulte genoem te word. Hulle het selfs dr Walter martin, 'n kenner op die gebied van kultes, oortuig dat hulle nie 'n kulte is nie deur nie alle inligting aan hom te openbaar nie.

Hulle aanslag is eenvoudig: 'n kerk wat 'n gesonde leefstyl handhaaf – geestelik sowel as liggaamlik. Hulle bied gesondheidseminare en Bybelkursusse aan en in die advertensie word hulle naam nooit genoem nie.

Hulle spog met die meeste privaat hospitale wêreldwyd; dat hulle gemiddelde lewensverwagting die hoogste is as gevolg van hulle Bybelgehoorsame dieet; gesonde liggaam en gesonde gees. Verder spog hulle met skole en universiteite

Hulle lê klem op die feit dat hulle 'n Bybelsgefundeerde kerk is, en die Bybel ernstig opneem.

- Hulle gehoorsaamheid is juis om te vergader op die dag wat God gerus het, die Sewende dag;
- Hulle leef met die sekerheid van die Advent, die koms van Christus.

Hulle glo dat hulle die enigste ware kerk is, hoewel hulle nie daarmee sê dat hulle lidmate van ander kerke nie gered kan word nie. Tog reken hulle dat mense wat waarlik aan die Here gehoorsaam is, by hulle sal aansluit.

Uiteindelik is die finale argument: Jesus was 'n Sewendedag Adventis omdat Hy op die Sabbat na die sinagoge gegaan het.

Hierdie boekie is saamgestel om aan hulle vrae te vra juis hieroor: gebruik julle net die Bybel, of lees julle die profesieë van Ellen G White in die Bybel in? Is die verlossing slegs Christus of is dit Christus PLUS gehoorsaamheid aan die leerstellings van die SDA?

Baie dankie aan my medewerkers: Daniël Myburgh & Ds Abraham Krüger vir julle kosbare insette

- Moenie hatig met hulle argumenteer nie. Hulle sien hierdie weerstand dieselfde as hierbo en maak hulle net meer oortuig dat hulle reg is. Verder sal jy nie ver vorder met logiese argumente nie, omdat hulle juis met soveel emosie hulle godsdiens beleef.
- Moenie sê dat hulle verkeerd is nie. Hulle is geleer dat hulle eie dogma die waarheid is wat op die Woord van God rus. Stel aan hulle die werklike boodskap van die Bybel - dit is wat hulle moet hoor.
- Moenie angstig wees nie. Dan is jy die maklikste prooi denkbaar. Hulle sal dan al hulle energie op jou toespits, totdat jy uiteindelik ingee. Jy het die waarheid van God se woord. Bid om die leiding van die Heilige Gees. Jy kan hulle nie alleen aanpak nie. Vra intelligente vrae en gee intelligente antwoorde.

9.2 Moets

- Openbaar die gawe van geduld: Al maak hulle redenasies geen sin nie en al klink hulle argumente hoe onnosel - hulle is oortuig van hulle saak. Jy is mos ook oortuig van jou saak. Ongeduld hoort nie in die gesprek nie, omdat dit jou eie onvermoë beklemtoon.
- Toon begrip vir hulle siening van die Skrif. Hulle besef nie werklik wat hulle fout is nie, en moet heel subtiel benader word om wel die fout raak te sien.
- Onthou dat hulle leerstelling vir hulle net so belangrik is as wat ons belydenisskrifte vir ons is. Soos ons voel as hulle dit afkraak, so is die gevoel ook as ons sê dat hulle belydenisse verkeerd is.
- Deur aan hulle die ware liefde van Christus te verkondig en só op te tree, trek mens hulle eerder as met baie woorde.
- Die liefde van die kulte bind, die liefde van Christus maak vry. As die liefde so aan hulle voorgehou kan word sonder dat hulle daardeur bedreig voel, sal dit vir hulle meer aantreklik word en kan hulle so hulle eie foute raaksien.

Navrae: hennie@gksa.co.za

1. die Denke van die groep;
2. die Gedrag van die lede;
3. die Emosies wat die lede openbaar;
4. die Inligting wat lede ontvang en versprei;
5. die Taal (woordgebruik) en die betekenisinhoud van woorde soos die groep dit gebruik;
6. die Norme waarvolgens lede lewe;
7. die Geskiedenis – wat aangepas word om die groep te pas;
8. God - hulle manipuleer die lede om die organisasie se woorde in God se mond te lê;
9. die verlossing deurdat verlossing net binne die groep moontlik is;
10. Skrifinterpretasie kan net deur die organisasie self "korrek" gedoen en uitgelê word;
11. die Dogma – wat na willekeur verander word om die tyd en omstandighede te pas, en
12. lidmaatskap waar die kulte met die tugoptrede vrees by die lede afdwing, anders as die gereformeerde leer waar tug die handeling van die liefde van God tot behoud van die sondaar is.

9. Houding teenoor kulte

1 Petrus 3:15: *Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.*

Weinig van hulle het die sekerheid van die Bybelse hoop. As hulle van hulle eie groep se leerstellings afdwaal, is hulle verlore. Ons weet ons Verlosser leef. Ons moet in die lig van Heidelbergse Kategismus Sondag 33 altyd wegvlug van die sonde en Satan, reguit in die arms van ons hemelse Vader.

9.1 Moenies

- Moenie vyandig wees nie. Moenie die deur in hulle gesig toeslaan nie. Hulle leer dat as hulle teëstand kry dit juis die teken is dat Satan in hierdie huis werk. Dit is juis vir hulle 'n bevestiging van die "waarheid" wat hulle leer.

1. Stigter & datum

Profetes Ellen G White (1827 – 1915)

1863 is die kerk gestig.

In 2010 was hul lidmaattal meer as 17 000 000. In 2015 was hulle nagenoeg 19 000 000.

2. Skrifbeskouing

2.1 Watter Bybel?

"Clear word Bible" en "The Study Bible".

Dit is byvoegings van Ellen G White by die Heilige Skrif, onder andere 'n lang gedeelte in die *Clear Word Bible* by Daniël 8:14.

2.2 Ander gesagvolle geskrifte?

Die profesieë van Ellen G White. Hulle meen hierdie geskrifte is geïnspireer deur die Heilige Gees (soos die Bybel). Hulle meen Ellen G White se profesieë is bykomende Godsopenbaring. Die SDA kies egter self watter geskrifte bykomend gelees kan word en watter nie. Ellen G White meen sy sal een van die heiliges wees wanneer Jesus weer kom.

2.3 Vrae aan die SDA:

1. Hoe verklaar julle Openbaring 22:18, 19 *Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is.*? _____

_____

_____

_____

Antwoord: Hulle weerspreek Openbaring 22_____

_____

2. Ellen G White het die wederkoms van Jesus in 1943 en 1844 as openbaring van God self ontvang. Hoe verklaar julle Matteus 24:36?

   Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit_____

   Antwoord: Hulle weerspreek Jesus _____

3. Het God van plan verander oor die datum van die wederkoms? Hoe verklaar julle Jakobus 1:17? _____

   Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie. _____

   Antwoord: Hulle beweer dat God van plan kan verander_____

   _____

   _____

4. Julle glo (Sewendedag-Adventiste Glo … 'n Bybelse uiteensetting van 27 Fundamentele Leerstellings, p 14) dat menslike wysheid aan die Bybel getoets moet word. Hoe verklaar julle die "profesie[1]" van Ellen G White wat nie waar geword het nie? Antwoord: Hulle kan nie _____

[1] Een van die gawes van die Heilige Gees is die profesie. Hierdie gawe is die kenmerk van die oorblyfselkerk en is in die bediening van Ellen G. White gemanifesteer. Omdat sy die boodskapper van die Here is, is haar geskrifte 'n voortdurende en gesaghebbende bron van waarheid wat troos, leiding, onderrig en vermaning vir die kerk voorsien. Hulle stel dit ook duidelik dat die Bybel die norm is waaraan alle leer en belewenisse getoets moet word. (Sewendedag-Adventiste Glo … 'n Bybelse uiteensetting van 27 Fundamentele Leerstellings, p 230)

1. Vraag: Julle glo (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 42) Die tyd van die eindoordeel is 2300 dae (Daniël 8:14). As Daniël praat van *aande en oggende* (fisiese dae) hoekom maak julle dit jare? _____

   Net om eie berekeninge te laat klop_____

2. Vraag: is daar enige Skrifgrond wat sê dat daar 'n *hemelse heiligdom* is waar Christus ingegaan het (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 43)? _____

   Nee. Hier word tekste buite konteks aangehaal _____

   _____

3. Vraag: Wie kan die oordeel van God slaag (Prediker 12:13, 14) as ons Romeine 3:9-20 daarmee saamlees? _____

   _____

   _____

4. Wat leer Deuteronomium 13:1-3 oor profesieë wat nie uitkom / sê wat die Here sê nie? _____

   Moenie na hulle luister nie. Hulle moet doodgemaak word. Luister net na die Here_

5. As julle die som maak van die 2300 dae / weke / jare – hoe verklaar mens Matteus 25:13? _____

   As mens dit uitwerk, weerspreek mens dit Here._____

8. Die twaalf eienskappe van 'n kulte

Martin (1997) en Stoker (1995) onderskei 12 eienskappe wat vanuit die gereformeerde teologie erken word as kenmerke waaraan kultes voldoen. Hierdie eienskappe toon aan dat die organisasie beheer het oor die volgende:

enige God glo en dat alle leerstellings ondergeskik is aan die Woord van God.

7.2 die Gedrag van die lede

Hulle skryf: (Sewendedag-Adventiste Glo … 'n Bybelse uiteensetting van 27 Fundamentele Leerstellings, p. viii) *Ware leer vra om veel meer as net 'n oortuiging – dit vra om handeling.* Die 27 Fundamentele Leerstellings handel dan baie sterk oor hoe die optrede van die lede met wees.

1. Vraag: Beteken dit dat as ons nie gesondheidsvoorskrifte van die SDA nakom nie, ons nie verlos word nie? Dit kan nie. _____

   1 Kor. 8:8 *Wat ons eet, bring ons egter nie nader aan God nie. As ons nie eet nie, verloor ons niks nie; en as ons eet, wen ons niks nie.* _____

7.3 Die <u>emosies</u> wat die lede openbaar;

Hulle skryf: : (Sewendedag-Adventiste Glo … 'n Bybelse uiteensetting van 27 Fundamentele Leerstellings, p. viii) *Leerstellings voed die mens se intellek en hou doelstellings voor oë wat Christene besiel en motiveer om vir ander mense om te gee. Ons het hierdie boek geskryf om Adventistegelowiges deur middel van Bybelstudie tot 'n grondiger verhouding met Christus te lei. Om Hom en Sy wil te ken is van ontsettende belang in hierdie dae van misleiding, leerstellige pluralisme en gebrek aan belangstelling.*

7.4 Kenmerk: Oorbeklemtoning van profesie.

Hulle voorspel gedurig wat in die toekoms gaan gebeur en dan vind dit nooit plaas nie. Hulle voorspel gedurig die wederkoms en sê bloot dat hulle 'n ander openbaring ontvang het as die voorspelling nie realiseer nie. Ellen G White het bv. gemeen dat Christus se wederkoms in 1843/1844 sal plaasvind. Sy meen God het 'n fout verberg in hierdie profesie. Sodoende gee sy aan God die skuld van die mislukte profesie. Ellen G White meen die drie engele van Openbaring het aan haar verskyn met die boodskappe: Die ondersoekende oordeel (God sal elkeen in detail oordeel), dat die Saterdag die Sabbat is en dat die Sondag-aanbidding die teken van die dier is. Profeteer dat ander nasies teen die Amerikaanse politieke regering sal optree. White meen dat ander nasies die produk is van bestialiteit.

_____

_____

3. Godsbeskouing

3.1 Drie-Eenheid

Daar is een Gog: Vader, Seun en Heilige Gees, 'n eenheid van drie mede-ewige Wesens. God is onsterflike, almagtig, alwetend, en bo alles, alomteenwoordig. Hy is perkeloos en bo menslike begrip, en tog bekend deur Sy selfopenbaring. Hy is ewig waardig om aanbid en gedien te word deur Sy ganse skepping. (Sewendedag-Adventiste Glo … 'n Bybelse uiteensetting van 27 Fundamentele Leerstellings, p 16).

3.2 Vader

Sewendedagadventiste glo dat God die Vader ewig is en die Skepper, Bron, Onderhouer en Heerser van die hele skepping. Hulle erken Hom as regverdig, heilig, genadig, barmhartig, lankmoedig, oorvloedig en onfeilbaar in liefde en trou. Die Vader se kragte werk in die Seun en die Heilige Gees. (Sewendedag-Adventiste Glo … 'n Bybelse uiteensetting van 27 Fundamentele Leerstellings, p 28).

3.3 Seun

SDA meen Jesus Christus is die Vleesgeworde God. Deur Hom is alle dinge geskep, die natuur van God geopenbaar en die verlossing van die mens bewerk. Die wêreld word deur Jesus geoordeel en Hy is waarlik God en waarlik Mens. Hy word deur die Heilige Gees verwek en uit die maagd Maria gebore. Hy het soos 'n mens geleef en is versoek maar het in geregtigheid en liefde voor God geleef. Hy demonstreer God se krag d.m.v. die wonderwerke en so wys Hy dat Hy die ware Messias is. Hy ly vrywillig aan die kruis vir ons sondes en in ons plek sterf Hy as betaling vir die sondes. Hy word uit die dood opgewek en vaar na die hemel op om daar vir ons in te tree. Hy sal ook in heerlikheid terugkeer vir die finale verlossing van sy kinders en die herstel van alle dinge. (Sewendedag-Adventiste Glo … 'n Bybelse uiteensetting van 27 Fundamentele Leerstellings, p 36)

3.4 Heilige Gees

Die SDA meen dat die Heilige Gees saam met die Vader en die Seun werksaam was vanaf die skepping deur Christus se vleeswording tot in sy verlossing. Hulle meen die Heilige Gees het die skrywers van die Bybel geïnspireer en Hy oortuig mense en vernuwe die mens na die Beeld van God. Hy word deur die Vader en die Seun gestuur om altyd by God se kinders te wees en deel sy geestelike gawes aan die kerk uit. Dit is egter baie belangrik om raak te sien dat die SDA die Heilige Gees oorbeklemtoon. (Sewendedag-Adventiste Glo … 'n Bybelse uiteensetting van 27 Fundamentele Leerstellings, p 60)

4. Verlossing

1. Julle glo: (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 16) *Ons kan die saligheid kry deur onsself aan Christus aan te bied.* Hoe verklaar ons dan Johannes 6:44? _____

   Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag. _____

   Antwoord: die inisiatief lê by God, nie die mens nie _____

2. Julle glo: (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 17) *Omdat Christus kom sterf het, kan God die mens die saligheid aanbied.* Is God afhanklik van die mens se keuse? _____

   Romeine 5:6-10 Christus sterf voor die mens vra _____

   _____

   Johannes 12:32 Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Christus trek – maak nie aanbod nie_____

   _____

3. Julle glo: (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 20) *Christus bied nie Sy geregtigheid aan 'n persoon wat nog wil aanhou sondig nie.* Is Christus se genade dus voorwaardelik? _____

   Weereens word lank geredeneer maar 'n belangrike teks uitgelaat _____

   _____

2. Jesus, as mens, sterf op die Vrydag en gee sy gees aan die Vader (Lukas 23:43). Hy was dus dadelik by die Vader. Stefanus (Handelinge 7:59) vra Jesus om sy gees te ontvang. Hoe verklaar julle dit? _____

   Hierdie verse word geïgnoreer! Jesus en Stefanus se gees is na die Vader, hulle liggame in die graf _____

   _____

   Weereens word lank geredeneer maar belangrike tekste uitgelaat _____

3. Julle redeneer dat die gelykenis oor die ryk man en Lasarus geen aanduiding is van 'n bewuste lewe na die dood nie (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 124-126). Sou Jesus hieroor gelieg het? _____

   Nee. Jesus kan nie lieg nie. Hierdie is wel 'n gelykenis (nie geskiedenis nie)_____

   maar Jesus se gelykenisse bevat géén onwaarheid nie _____

7. Unieke kenmerke van die Sewendedag Adventiste

7.1 die Denke van die groep

Hulle skryf: (Sewendedag-Adventiste Glo … 'n Bybelse uiteensetting van 27 Fundamentele Leerstellings, p. viii) *Ons het hierdie boek geskryf in die oortuiging dat alle leerstellings, as hulle reg begryp word, hul middelpunt in Hom het, wat die weg, die Waarheid en die Lewe is, en daarom uiters belangrik is*.

Antwoord: Lede moet hulle leerstellings glo. – selfs al stem dit nie met die Bybel ooreen nie – hulle moet die leerstellings glo, net omdat Ellen G White en die leierskap van die SDA so sê. Ons glo ons moet in die Drie-

Die dissipels kom bymekaar op die opstandingsdag_____

_____

Waar die dissipels wel op die Sabbat die Jode besoek het was dit bloot_____

_____

Om aan hulle die vervulling van die wet te verkondig_____

_____

3. Julle glo (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 88) *Stiptelike gehoorsaamheid aan die wil van God is die grootste vereiste vir elke lewe. … Sal ons in hierdie saak van Sabbatsonderhouding God gehoorsaam? … Ons kan dit nie bekostig dat andere ons verhinder om die waarhede van die Bybel te gehoorsaam nie*. Beteken dit dat as 'n mens nie die gebooie gehoorsaam nie, (veral die Sabbatsgebod, die Sabbat op die sewende dag – Saterdag) hy verlore is? _____

Nee! Dit kan nie! Weerspreek Romeine 3:9, 10 saamgelees met Efesiërs 2:8 _____

_____

Romeine 3:21-24 sê duidelik dat ons nie op wetsonderhouding gered word nie ____

_____

6. Die dood

1. Julle glo dat die mens dood gaan en dood bly tot die laaste dag (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 114). Julle glo verder (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 124) dat Jesus nie na sy Vader gegaan het die Vrydag nie, maar graf toe is. Wat van Lukas 23:46? _____

Hierdie vers word geïgnoreer! Jesus se gees is na sy Vader, sy liggaam in die graf ___

_____

Efesiërs 2:8 God se genade is 'n geskenk – die mens hoef dit nie te verdien nie – dan was dit 'n beloning _____

_____

_____

_____

4. Julle glo: (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 21) *Dit is die wedergeboorte-ondervinding wat die verandering van dood na lewe bring* en *Om wedergebore te word, is 'n wonderwerk deur die krag van God se Heilige Gees* en *Daar moet erkenning van ons kant wees dat ons niks kan doen nie.* Tog is die Slotsom (p. 22) *Albei* (verlossing en wedergeboorte) *vereis om geheel en al aan Christus oor te gee.* Is wedergeboorte oorgawe? Bekering? _____

Oorgawe beteken dat wedergeboorte die mens se keuse is _____

_____

Bekering is – volgens hulle definisie – berou en belydenis. Ander begrip! _____

_____

5. Julle glo (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 24) *Die ewige lewe is afhanklik van u besluit.* Wat se die Bybel hieroor?_

Efesiërs 1:4, 5: Uitverkies deur God voor die grondlegging van die aarde ____

Johannes 6:44: Niemand kan na Jesus kom as die Vader hom nie trek nie ____

Romeine 5:6-8: Christus sterf vir sondaars, vyande (van Hom) en goddeloses__

6. Julle glo (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 45) dat slegs volwassenes gedoop mag word. Wat van die gelowiges van die Ou Testament wat nie gedoop is nie? _____

Waarom weier Johannes om Jesus te doop (Matteus 3:15)? _____

Jesus kon Hom nie bekeer nie (vers 2) _____

_____

Jesus het nie sonde gehad om te bely nie (vers 6) _____

_____

Antwoord: Jesus se doop was 'n ander doop as die doop van Markus 16:16_____

_____

7. Julle glo (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 46): *'n Persoon wat gedoop word, moet (1) geleer word, (2) glo en hom bekeer, (3) sy lewe van sonde versaak. Aangesien 'n baba nie hierdie voorvereistes kan nakom nie, is kinderbesprinkeling onbybels.* As kinders in die Ou Testament besny is as teken van die verbond, wat van kinders? _____

Hulle het geen teken vir kinders nie. Hoekom nie?_____

_____

8. Julle glo (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 48) dat Jesus die voorskrif van voetwassing gegee met 'n baie diep geestelike betekenis. Waar *beveel* Christus dit? Geen bevel. Kom nie in ander evangelies voor nie _____

Johannes 13:14? Behoort ≠ moet _____

Johannes 13:15? Voorbeeld ≠ bevel _____

Johannes 13:17? Gelukkig ≠ verlossingsbevel _____

9. Julle glo (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 60) *Daar is basies net een verbond. Dit is gesluit met Adam, Abraham, Isak en Jakob en met Israel by Sinai.* Waarom word die teken van die een ewige verbond (besnydenis) geïgnoreer? Anders gestel: waarom word die doop nie as verbondsteken aan kindertjies bedien nie? _____

Hulle herken wel die afskaffing van die besnydenis, maar het geen enige teken____

_____

in die plek daarvan nie _____

_____

5. Saterdag of Sabbat

1. Julle glo (Die Bybel, Basiese Bybelstudies. Suider-uitgewery. p. 65ev) dat Christus die Sabbat geskep het en onderhou het. Julle erken verder dat Paulus op die eerste dag (dag na die Sabbat - Sondag) die gemeenskaplike maaltyd gehou het (p. 71). *Streng gesproke, sal 'n byeenkoms wat in die aand van die eerste dag van die week gehou is, Saterdagaand wees!* Tog glo julle dat Saterdagaand na sononder nie meer die Sabbat is nie (p. 65). Was Paulus se optrede verkeerd? Waarom het hy nie die vorige dag die byeenkoms gehou nie? _____

Hierdie is die poging om te probeer bewys dat byeenkomste nie op Sondag _____

_____

gehou is / kan gehou word nie _____

_____

2. Julle het 'n lang redenasie oor die Saterdag (Sabbat) en die Sondag. As die dag belangrik is, waarom is die vierde gebod (Sabbat) die enigste gebod wat nie in die Nuwe Testament as bevel herhaal word nie? _____

Omdat die inhoud van die dag belangriker is as die fisiese dag van die week _____

_____